

TWEESTUK VIR DIE SOMER

'n Bekoorlike romp en bostuk wat 'n uitrusting vir die dag of die aand is en baie maklik is om self te maak

BENODIGDHEDE: 3,5 m duursame katoenstof, 90 cm breed; 6,2 m lint, 2,5 cm in deursnee; 'n 18-cm-ritssluiting; 1 m petersham, 2,5 cm in deursnee; 2 hakies en stafies; 1 m rek, 8 mm in deursnee.

TEKEN EN KNIP VAN PATROON: Die patroon is vir groottes 87-97 cm. Ontwerp jou eie patroon volgens afmetings op diagramme (1,5 cm is toegelaat vir nate). Vou materiaal oorlangs dubbel en

plaas patroonderdele volgens diagramme daarop. Knip uit.

BOSTUK

Stik voor- en agterpant by synate aanmekaar. Maak 'n smal soompie rondom mousgate. Stik rygsteeke om hals van voor- en agterpant en plooi in tot 28 cm. Stik 'n smal soompie om onderkant. Stik valpante aanmekaar. Vou 'n smal soompie om en stik lint op onderste rand vas. Plooi borand tot 115 cm in. Plaas ingeplooiide rand van val op regte kant van bostuk en laat 28 cm van val verby elke mousgat steek. Stik halsomboorsel by kort punte aanmekaar en stik dit aan ingeplooiide rand van val vas om 'n omboorsel te vorm, maar laat 'n opening vir rek. Ryg rek deur opening en nas bostuk aan. Verstel hals en werk

punte van rek aan mekaar vas. Werk opening toe.

ROMP

Stik synate toe, maar laat 'n opening aan linkerkant vir ritssluiting. Stik ritssluiting vas. Plooi middelrand in. Knip lint en petersham volgens jou middelmaat plus 3 cm. Plaas petersham aan binnekant van middel van romp en plooi romp in om te pas. Ryg lint aan buitekant vas, vou punte netjies om en stik deur al die lae.

Werk hakie en stafie aan. Las valpante aanmekaar en stik 'n smal soompie al langs albei kante. Stik albei kante van lint in middel van val vas. Meet 2 cm afwaarts vanaf boonste rand van val en plooi val op hierdie lyn tot 176 cm in. Stik val op romp oor rygplooilyn vas.

DIAGRAM

